
FEATURE

Storie deur **Carla van der Spuy**
Foto's © **Wynand Claassen**

# Spyt Bestaan Nie in dié Rugbylegende se Woordeskat

*Hy was 'n haan onder die henne, dit het hom 'n dekade geneem om sy studies in argitektuur te voltooi en as student kon hy behóórlik kuier. Maar die oud-Springbok-rugbykaptein Wynand Claassen (61), wat destyds internasionale roem verwerf het en deesdae 'n toegewyde gesinsman en pa van vier volwasse kinders is, sê prontuit hy is oor niks spyt nie.*



Wynand is nou weer in die nuus nadat sy boek *Wynand Claassen: Kaalvoetklong tot rugbytoks* die rakke getref het. Die boek word as 'n nostalgiese blik op sy grootwordjare gedurende die 1950's en 1960's op die platteland beskryf. Dit sluit ook ervaringe oor sy kinder- en jeugjare en sy wilde universiteitsjare op Tukkies in. Hy beskryf hoe sy groot drome oor internasionale rugby bewaarheid is. Ook hoe hy as klein seuntjie reeds vasbeslote was om eendag die Springbok-rugbykaptein te word.

Oor sy idilliese grootwordjare in Middelburg voel hy half nostalgies en sê: "Ons het maar in 'n kommervrye tyd van *heavy* rockmusiek, lang hare en vrye liefde grootgeword. Maar dit was ook 'n onskuldige tyd van jouself ontdek en mensword."

As jong seun het Wynand talle rugbyhelde gehad en party, soos Dawie de Villiers, het selfs sy briewe beantwoord. Hy vertel dit was natuurlik wonderlik om later goed bevriend te raak met van sy helde soos Frik du Preez en Tommy Bedford. "Ek het nooit vergeet hoe ek as jong seun na my helde opgesien het nie. Dit was en is nog steeds vir my wonderlik om handtekeninge uit te deel en selfs om 'n geselsie met 'n laaitie aan te knoop. Ek het nog nooit iemand weggewys nie."

Oor vandag se rugby teenoor die "ou dae" s'n sê hy hoewel rugby se kameraderie en gees as spansport onveranderd is, het die spel geweldig ontwikkel. "Die spel is vinniger, meer fisiek, die spelers is groter, sterker en vinniger... en dan het dit natuurlik 'n beroepsport geword wat wonderlik vir die spel is. Dit het gesinsvermaak geword."

Benewens sport, het Wynand ook met boeke en kuns grootgeword. Oor die











feit dat hy self skilder en skryf, sê hy dit is inderdaad so dat mense nie altyd die twee pole van kuns en rugby met mekaar kan vereenselwig nie. “Maar as ’n mens die talente het, hoekom dit probeer wegsteek? Ek is ongelooflik dankbaar vir die kunstalente wat ek gekry het omdat dit my lewe verryk.”

Wynand is tans op kontrak by Tukkies as die bestuurder van TuksSport Alumni, maar hy het sy eie private argiteksfirma wat hy deeltyds bedryf, en is ook by Citadel (’n onafhanklike welvaartbestuursmaatskappy) betrokke. Boonop is hy ’n tydelike rugbykommentator by SuperSport. Hy is aktief by rugby betrokke as president van Tuks Rugbyklub, as ondervoorsitter van die Oud-Blou Bul-spelersvereniging, asook beskermheer van die Sharks-ondersteunersklub.

Oor die feit dat hy nie doekies in sy boek omdraai nie en ‘n paar dwarsklappe uitdeel, sê hy: “Ek was nog altyd reguit en haat rugstekers en mense met ’n verskuilde agenda met ’n passie!”

Wynand beskryf sy gesin as besonder heg. “My vrou, Jeanette, het musiek op Tukkies geswot en is ’n laerskool-onderwyseres. Sy is baie huisvas en was ’n ongelooflike ma wat ons kinders op die regte manier, familievas en met baie liefde grootgemaak het. Antonie (27) het ’n BCom-graad in bemarkingsbestuur, maar speel die afgelope 4½ jaar heeltyds rugby in Frankryk en is kaptein van die Top 14-klub, Brive. Jeanelle (26) het ’n BA-graad op Tuks verwerf. Sy is ’n fotograaf in Kaapstad en is getroud met Hanno Coetzee (wat provinsiale rugby gespeel het). Jeanré (23) het ook ’n BCom-graad in bemarking en werk by Jeni Button en Jeanandi (21), wat my kunstalent geërf het, studeer uitgewerswese aan Tuks,” sê hy.

Is daar enigiets wat hy anders in sy lewe sou wou gehad het?

“Nee wat,” vertel hy met 60 jaar se wysheid agter hom. “Ek sou niks wou verander nie. Daar was hoogtepunte, maar ook baie terugslae, trane en teleurstellings. Maar dit staal ’n mens en berei jou vir die lewe voor. Ek is oor niks spyt nie.”

